kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrehemel ruis.

Refrein
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

Woorddiens

Tema: "Om lig te bring…!"

"There is a crack in everything.
That's how the light gets in."
— Leonard Cohen, Selected Poems, 1956-1968

Skriflesing: Johannes 1:6-14

Broodjies vir die pad

"Sonnet XVII

I do not love you as if you were salt-rose, or topaz,
or the arrow of carnations the fire shoots off.
I love you as certain dark things are to be loved,
in secret, between the shadow and the soul.

I love you as the plant that never blooms
but carries in itself the light of hidden flowers;
thanks to your love a certain solid fragrance,
risen from the earth, lives darkly in my body.

I love you without knowing how, or when, or from where.
I love you straightforwardly, without complexities or pride;
so I love you because I know no other way than this:

where I does not exist, nor you,
so close that your hand on my chest is my hand,
so close that your eyes close as I fall asleep. "
— Pablo Neruda

◆◆◆

"Sometimes our light goes out, but is blown again into instant flame by an encounter with another human being."
— Albert Schweitzer

"All the darkness in the world cannot extinguish the light of a single candle."
— Francis of Assisi, The Little Flowers of St. Francis of Assisi

"Teach me your way of looking at people:
as you glanced at Peter after his denial,
as you penetrated the heart of the rich young man
and the hearts of your disciples.
I would like to meet you as you really are,
since your image changes those with whom you
come into contact.
Remember John the Baptist's first meeting with you?
And the centurion's feeling of unworthiness?
And the amazement of all those who saw miracles
and other wonders?
How you impressed your disciples,
the rabble in the Garden of Olives,
Pilate and his wife
and the centurion at the foot of the cross. . . .
I would like to hear and be impressed
by your manner of speaking,
listening, for example, to your discourse in the
synagogue in Capharnaum
or the Sermon on the Mount where your audience
felt you "taught as one who has authority."
— Pedro Arrupe, Pedro Arrupe: Essential Writings

"We all know that light travels faster than sound. That's why certain people appear bright until you hear them speak."
— Albert Einstein

"He is, for instance, the only evangelist who has John the Baptist spell out in practical terms what it means to "bear fruits that befit repentance" (3:8), and he does this in terms of economic relations (3:10-14). The term ptochos ("poor") occurs ten times in Luke, compared to five times each in Mark and Matthew.4 Not only the word ptochos, but also other terms referring to want and need abound in Luke. The same is true of terms referring to wealth, such as plousios ("rich") and hyparchonta ("possessions") (cf Bergquist 1986:4f). "If we did not have Luke," comments Schottroff and Stegemann (1986:67), "we would probably have lost an important, if not the most important, part of the earliest Christian tradition and its intense preoccupation with the figure and message of Jesus as the hope of the poor." Mazamisa (1987:99) summarizes, [Luke's] concern is with the social issues he writes about: with the demons and evil forces in first century society which deprived women, men and children of dignity and selfhood, of sight and voice and bread, and sought to control their lives for private gain; with the people's own selfishness and servility; and with the promises and possibilities of the poor and the outcasts."
— David J. Bosch, Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission (20th Anniversary Edition)

◆◆◆

Eensaamheid is erg as jy ontuis met jouself voel

Wilhelm Jordaan

Baie dinge val 'n mens op van Desember: Die strate is leër, die verkeer is ligter, die gemoedere vriendeliker en mense is 'n

bie-tjie meer hoopvol. Die groot vakansie is hiér en die lewenspas verstadig. Selfs in die hospitaal waar ek pas was, is daar ’n genesende lighartigheid.

In die einste hospitaal lees ek ’n tydskrifartikel wat sê chroniese eensaamheid is ’n gesondheidsrisiko. Dit spreek tog vanself, reken ek eers. Dis mos gesonde verstand.

Ek lees toe verder en sien in dié navorsingsprojek is chroniese eensaamheid verstaan as die afwesigheid van betekenisvolle verhoudings met ander; aangevul deur ’n hiperwaaksaamheid dat ander mense jou sal verwerp sodra hulle meer van jou weet.

Bedink dit ’n bietjie. Wat hier ter sprake is, is eensaamheid in die vorm van sosiale én emosionele isolasie wat aanhou en aanhou sonder ophou. Dit is nie maar net ’n geval van om af en toe ’n bietjie alleen, verstote en verlate te voel nie.

Wat die wetenskap so akkuraat beskryf, bied ’n nuttige woordeskat. Dit is egter nie hart-spraak nie. Skrywers en digters sê hoe dít is. Soos Joseph Conrad: “Who knows what loneliness is – not the conventional word, but the naked terror of it.” En Hendrik Marsman roep uit: “Ek staan alleen / geen God of mense wat my bestaan betrek in ’n besielde verband . . .”

En Martinus Nijhoff wat in die gedig “De eenzame” skryf: “ . . . Die maanlig sing my bloed tot danse wakker, / En as ek dans, dans my skaduwee met my – / Skaduwee, my skaduwee, my enigste makker: / Ons dans – kyk, ek is niks meer as jy . . .”

Sulke sosiale isolasie is pynlik. Dit maak seer. Want jy wat jouself as ’n skaduwee beleef, wéét mos dit is iets sonder substansie. ’n Skaduwee het nie ’n stem nie, raak jou nie aan nie, kyk jou nie in die oë nie. Dit is jy alleen in die skimme van die maan se halflig sonder die witvuurlig van menslike teenwoordigheid.

Om aan sulke sosiale isolasie én die angs daaromheen te ontsnap, doen mense soms vreemde dinge. Sommige meen die antwoord is dat jy met byna besete ywer dié isolasie moet oorkom.

Jy skarrel dan van die een sosiale okkasie na die ander in die hoop dat hoe meer siele daar óm jou is, hoe meer vreugde sal daar ín jou wees.

Die ironie is dat sulke sosiale samesyn eensaamheid kan verdiep in die vorm van emosionele isolasie; ’n bevestiging word van ’n ingrypende en verlammende alleenheid. Miskien juis in Desember wanneer ander mense gemeensaamheid beleef en koester.

Emosionele isolasie is dikwels die hart van eensaamheid; juis omdat jy nie tuis voel met jouself nie. Jy het vir jouself ’n onbekende geword. Jy weet nie meer wie jy werklik is nie. En wat jy wel van jouself weet, is tegelyk gevaarlik min én gevaarlik om met ander te deel.

Dán gaan dit nie soseer oor ’n gemis aan ander mense nie, maar ’n gemis aan jouself: om te weet wié is die mens waarvan jy die naam dra en wat vir die soveelste keer in die spieël na jou staar.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/eensaamheid-is-erg-as-jy-ontuis-met-jouself-voel-20171212

Brood vir die pad

’n Ja soos Maria s’n wat genade bo vrees gekies het

RRV

Onverwagte verskyninge. Verrassende aankondiginge. Sprekende engele. Verbaasde mense. Dít is alles elemente van ’n aantal bekende verhale wat met die kerklike seisoen van Advent verbind word.

Dink maar aan Lukas se vertelling van die engel Gabriël se verskyning aan die priester Sagaria en sy reaksie van ongeloof ná die aankondiging dat sy bejaarde vrou, Elisabet, sal swanger word (Lukas 1:11-19). Of die reaksie van Maria wanneer Gabriël aan haar verskyn en aankondig dat sy ’n seun in die wêreld sal bring (Lukas 1:26-38).

Dié verhale sou ook kunstenaars deur die eeue boei. Dink byvoorbeeld aan die Renaissance-skilder Sandro Botticelli se werk Die Aankondiging.

Hierin verbeeld hy ’n engel op sy een knie wat sy hand in ’n gebaar van seëning na Maria uithou, asook Maria wat, met ’n boek voor haar, na die engel draai en haar hand na hom uitreik.

Die Ierse filosoof Richard Kearney skets in sy boek Anatheism: Returning to God after God hierdie toneel soos volg: “Sy hoor ’n gefladder van vlerke . . . Skielik, uit die bloute, verskyn iemand. Hy is vreesaanjaend, en Maria is bang.

“Maar sy draai haar kop om die stem te hoor wat fluister ‘Moenie bang wees nie.’ Maria stel haarself oop vir die vreemdeling . . .

“In kort, Maria kies genade bo vrees. Sy reageer op die oproep, vertrou in die belofte. Sy waag dit om te glo die onmoontlike is moontlik. Sy sê ja.”

Kearney wys verder op die betekenis daarvan dat Maria oor die woorde van die engel nagedink het, as ’t ware met haarself daaroor in gesprek getree het (Lukas 1:29).

Martin Luther sou oor hierdie teksgedeelte skryf dat die hele hemel en aarde asem opgehou het om te sien of Maria “ja” gaan antwoord.

Dalk kan ons in hierdie Adventstyd ook daaroor nadink dat Maria in die lig van die engel se verskyning nagedink het. Dis immers vreesaanjaend wanneer ongenooide vreemdelinge, ingrypende aankondiginge en onvoorsiene wendinge onverwags op ons lewens appèl maak.

Lukas wil egter die punt maak dat Maria se reaksie, ten spyte van haar vrees, nie “Nee, dankie” was nie, maar “Hier is ek” (vergelyk Lukas 1:38).

Hierin eggo sy die reaksie van vele in die Ou Testament op God se roepstem: Hier is ek. Hineni. Ek is gewillig, my Here. Deur hierdie ja word sy – in die Nuwe Testamentikus Beverly Gaventa se woorde – die eerste dissipel.

Dit is ’n dieper ja, ’n ja anderkant huiwering en nadenke, ’n ja wat genade bo vrees kies.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/n-ja-soos-maria-sn-wat-genade-bo-vrees-gekies-het-20171208

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877